LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 3
31 Januarie 2020

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

KLEURE-ATLETIEK
Baie dankie aan ouers en ander belangstellendes wat die atlete kom ondersteun en aangemoedig het. Dankie ook aan elke ouer wat behulpsaam was by die OOV of wat as beampte opgetree het. Dit word waardeer. Ons wil ook die Rupertspan gelukwens wat die meeste punte ingesamel het.

Pragtige rekords is deur die volgende atlete tydens die byeenkoms behaal.

NAAM	OUDERDOM	ITEM	NUWE REKORD	TYD
Alecia Louw	Do.11	Hekkies 70m	Nuwe rekord	14:32
Alecia Louw	Do.11	80m	Nuwe rekord	11:84
Lee-Jon Blignaut	So.9	60m	Nuwe rekord	09:58

Ons wil ook die volgende twee atlete met hulle prestasies gelukwens.
Victor Ludorum: Johan Viljoen
Victrix Ludorum: Marizel Marais

SONE-ATLETIEK
Baie sterkte aan al die atlete wat môre, Saterdag, 1 Februarie 2020 by Collie Koeberg aan die Sone Atletiekbyeenkoms sal deelneem.

BELANGRIKE ATLETIEK DATUMS OM TE ONTHOU
13 Februarie
Cradock atletiekbyeenkoms o.7 – o.9 (atlete wat 1ste tot 3de plekke by die Kleure byeenkoms behaal het).
7 Februarie
CMC atletiekbyeenkoms by Collie Koeberg o.10 – o.13 (atlete word verkies na afloop van die Sone Byeenkoms).
3 Maart
Interskole Atletiekbyeenkoms by LVS o.7 – o.13 (alle atlete wat 1ste tot 3de plekke by die Kleure atletiekbyeenkoms behaal het).

'n Groot beroep word op leerlinge gedoen om oefeninge by te woon en nie onnodig aan byeenkomste te onttrek nie. **Geen atleet sal sonder 'n geldige rede van die Interskole byeenkoms onttrek word nie.**

BAIE BELANGRIK!! Alle o.7 – o.13 leerlinge wat 1, 2 en 3de plekke by die Kleurebyeenkoms behaal het, oefen volgens die Sportprogram.

SPORTDRAG OP SPORTDAE
Graad 1 tot 3 leerlinge wat direk na skool sport het, kom met hulle sportdrag en tekkies skool toe.

WORSBROODJIES
Vrydag, 7 Februarie gaan ons boereworsrolle verkoop teen R20 elk. Ondersteun die tennis asseblief.

SKAAK
Ons benodig dringend persone wat met afrigting kan help. Skakel asseblief die kantoor indien u belangstel. Beginners skaak, Gr 1 – 3 vind plaas op Maandae vanaf 13:00 – 13:30 in die Kewertjie.

SWEM
Daar sal Maandag, 3 Februarie en Woensdag, 5 Februarie **GEEN** skoolswem wees nie, aangesien die swembad vir LVS en HVS se kleurgalas voorberei word.

KDDS DISSIPLINE STELSEL
Soos almal seker reeds waargeneem het maak die skool nie meer gebruik van die kommunikasiekaarte nie. Ons het 'n rekenaarprogram aangekoop wat die kommunikasiekaarte vervang het. Gedurende verlede jaar het ons dit op die proef gestel en dit vul ons dissiplinêrestelsel aan, deurdat dit ons rekordhouding en algemene administrasie verbeter. Die program maak nie net voorsiening vir oortredings van die gedragskode nie, maar ook vir positiewe inskrywings.

Inskrywings kan deur onderwysers,op hul rekenaars of per selfoon, geregistreer word en leerlinge word dan vasgestelde punte volgens die inskrywing toegeken. 'n Leerderverslag, wat aan ouers gestuur sal word, word uitgedruk indien die leerder 'n vasgestelde totaal in een van die kategorieë bereik het. Hierdie kategorieë is ingedeel volgens die skool se Gedragskode vir Leerders wat ouers aan die begin van die jaar moes teken. Die rekenaarstelsel vervang dus nie die Gedragskode vir Leerders nie. Dit is slegs 'n interne administratiewe program wat bydra tot die verbeterde uitvoering van die gedragskode.

Die kategorieë: Karaktertoekenning (positief – leerders word beloon)
Korreksiepunte (Kategorie 1 oortredings – optredes verg regstellende aandag)
Strafpunte (Kategorie 2 oortredings – verg regstellende optrede)
Krisispunte (Kategorie 3 oortredings - optredes wat ernstig aangespreek moet word)

U ontvang vandag 'n brief in verband met die dissiplinestelsel.

STUDEER SONDER SUKKEL
Die Instituut vir Christelike Onderwys bied by Laer Volkskool hierdie studie kursus vir ons graad 4 leerlinge aan. Die koste van die kursus beloop R60 per kind.

Die sessies met Graad 4 leerlinge en ouers is as volg:
Leerdersessie – Donderdag, 13 Februarie 2020 om 07:15 tot 13:30 tydens skooltyd in die Kewertjie. Dit is 'n normale, verpligte skooldag en u kind moet by die skool wees.

Ouersessie – Donderdag, 13 Maart 2020 om 17:30 tot klaar in Kewertjie.

EPOS
Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

DEPARTEMENT GESONDHEID
U ontvang vandag 'n vorm van Dept. Gesondheid in verband met inenting vir Graad 5 dogters. (Dit is die 2de rondte van verlede jaar). Lees deur en voltooi die konsentvorm. Die inenting sal op 18 Februarie 2020 plaasvind. Stuur asseblief terug op Maandag, 3 Februarie 2020 aan die klasonderwyser.

BUITEMUURSE PROGRAM
Om verwarring te vermy, ontvang u vandag die finale, korrekte program.

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK SOOS OP DIE KALENDER

4 Februarie	-	Swem LVS Kleuregala
5 Februarie	-	HVS Sone Atletiek
		Krieket vs Union o.9 by Union
6 Februarie	-	Sokkie Gr 4 – 7
		HVS Kleuregala
7 Februarie	-	CMC Atletiek Laerskole by Collie Koeberg
8 Februarie	-	Krieket vs Gill (w) o.11 + o.13

SPORT

TENNIS

Baie geluk aan die volgende spelers wat aan die proewe in Cradock deelgeneem het. Ons is trots op julle.

o.10 Dogters	1. Dante Dercksen
	2. Mynette Viljoen
o.10 Seuns	2. Johan Viljoen
o.12 Dogters	5. Alecia Louw
o.12 Seuns	1. Louwen Wolfaardt
	2. Ruan van der Merwe
	3. Petrus Wolfaardt
	4. Francois Naudé

TWEEKAMP

Highgate Interprovinsiaal Saterdag, 1 Februarie te Oudtshoorn. Wens deelnemers sterkte toe.

KRIEKET

Twee van Laer Volkskool se krieketspanne het op 29 Februarie teen Union en Gill kragte gemeet en die telling is as volg:

SPAN	TEENSTANDER	UITSLAE
o.11	Union	Verloor met 20 lopies
o.13	Union	Verloor met 185 lopies
o.9	Gill	Verloor met 6 lopies

Eben Lötter, o.9 teken 15 lopies aan met 6 balle.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

BEANTWOORDE GEBEDE

Om te kan wen moet jy eers waag –
net so moet jy eers met die Vader praat …
Rig jou in gebed tot Hom,
Dan antwoord Hy en gee Hy raad.

Spreuke 15:8

D Joubert
Skoolhoof
Epos: *hoof*@laervolkskool.org

Tel: 049 8910803